# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

*… waar kind nog kind kan wees …*

1/2024

17 Januarie 2024

Geagte Ouers

Onderwerpe wat in hierdie Mikrofokus aangespreek word:

1. Uit die Kantoor
2. Draaihekke en tye
3. OOV
4. Kos@Mikro
5. Atletiekoefeninge
6. Shift netbal

## 1. UIT DIE KANTOOR

'n Nuwe jaar bring nuwe dinge. Ons is opgewonde oor die nuwe dinge wat 2024 vir Laerskool Mikro inhou. Baie welkom by die nuwe skooljaar! Mag dit vir elke Mikro-gesin 'n voorspoedige jaar wees. Ons verwelkom die volgende nuwe personeellede by die skool en vertrou dat hulle baie gelukkig by ons sal wees.

- Etricia de Jager (4.2) - tydelik
- Shariska Nel (4.4)
- Anika van Niekerk (Eng HT) en later 6.3 – (tydelik)
- Jané Bezuidenhout – Eng HT (Begin 1 Februarie 2024)
- Martea Steenkamp – gr. 4-asisstent

Lane-Mari Koen (4.3)
Ruqayah Langeveldt (7.4) - tydelik
Elma Viljoen - sekretaresse
Elsie Daniëls – skoonmaker

**INLIGTINGSAANDE:**
Ons inligtingsaande begin hierdie week.
Maak seker u woon u kind se inligtingsaand by.

Baie belangrike inligting word tydens hierdie sessies bespreek.

Moet dit nie misloop nie!



**Waarna sien ons uit in Kwartaal 1:**
Welkom terug aan elke Mikro-ouer en -leerder. Ons is baie opgewonde oor die jaar wat voorlê. Ons skop af met 'n opwindende kwartaal. Teken die volgende datums in u dagboek aan sodat u en u kind nie hierdie geleenthede misloop nie!




## 2. <u>DRAAIHEKKE se TYE</u>

**Hektye 17-26 Januarie 2024:**

| Hekke | In (*Turnstile unlocked*) | Uit (*Turnstile unlocked*) |
|---|---|---|
| Hoofdraaihek (Spruitstraat) | 06:00 - 07:50 | 12:28 - 18:00 |
| Graad R-draaihek (Spruitstraat) | 06:00 -0 7:50 | 12:28 - 17:30 |
| Diedrikkiestraat | 06:00 - 07:50 | 12:28 - 18:10 |
| Sonnemeisiestraat | 06:00 - 07:50 | 12:28 - 18:00 |

Let asb daarop dat die hekke in die bg. tabel daarop dui dat die hekke in beide rigtings oop is sodat ouers saam met leerders in en uit kan beweeg ter wille van aanpassing.

**Hektye vanaf Maandag 29 Januarie 2024:**

| Hekke | In (Slegs eenrigting) | Uit (Slegs eenrigting) |
|---|---|---|
| Hoofdraaihek (Spruitstraat) | 06:00 - 07:45 | Ma. - Do. 12:55 - 18:00<br>Vry. 12:28 - 18:00 |
| Graad R-draaihek (Spruitstraat) | 06:00 - 07:45 | Ma.- Do. 12:55 - 17:30<br>Vry. 12:28 - 17:30 |
| Diedrikkiestraat | 06:00 - 07:45 | Ma. 12:55 – 18:10<br>Di.-Do. 12:55 – 18:00<br>Vry. 12:28 - 18:00 |
| Sonnemeisiestraat | 06:00 - 07:45 | Ma.-Do. 12:55 - 18:00<br>Vry. 12:28 - 18:00 |

## 3. OOV – OUER ONDERWYSER VERENIGING

**Vervang die huidige Ouerkomitee**

Ons ouer onderwyser vereniging het een doel voor oë en dit is om so veel moontlik ouers betrokke te kry by die opvoeding van hul kinders. Volgens navorsing, skryf Jurie Joubert en Nico Venter die volgende in hul artikel: **OUERS, RAAK BETROKKE**

"Daar is werklik talle bewyse vir die positiewe invloed wat ouerbetrokkenheid op kinders kan hê – dit strek verder as bloot akademiese prestasie. Dit sluit in:

- Leerders wie se ouers by hul skool betrokke is, ervaar minder gedragsprobleme, behaal beter akademiese prestasies en is meer geneig om hul hoërskoolloopbaan te voltooi as leerders wie se ouers nie by hul skool betrokke is nie.
- Leerders met betrokke ouers, ongeag hul inkomste, agtergrond en kultuur, is meer geneig om beter uitslae te behaal, hulself in te skryf vir hoërvlak-programme, slaag hul eksamens, gaan gereeld skool toe, het beter sosiale vaardighede en voltooi hul naskoolse opleiding."

**WAAR KAN OUERS BETROKKE RAAK?**

- **Kinders se skool-/huiswerk** – kontroleer elke dag u kind se werk, al is u kind by `n nasorg – dit wys u stel belang.

- **Sport** – moedig u kind aan om aan sport deel te neem, want so ontwikkel jou kind as `n gebalanseerde individu. Ondersteun u kind se sportwedstryde, dis `n voorreg!

- **Ouers wat Omgee (OWO)** – help met fondsinsameling-idees, verleen hulp by die klerebank. Sterk so me Leana Sutherland se hand.

- **Klasverteenwoordigers** – Help met verspreiding van belangrike inligting. Help met fondsinsamelings. Maak deel uit van die Kos@Mikro-span. Wees hierdeur `n voorbeeld en mobiliseer ander ouers om ook betrokke te raak.

- **Werk by Kos@Mikro-stalletjies** – ontmoet ander ouers en wees sigbaar vir jou kind en leef die voorbeeld van diensbaarheid uit.

- **Tree as hulp vir afrigters op** – kom deel jou kennis en sterk die afrigters se hande waar nodig.

- **Kom bied jou dienste/vaardighede by die skool aan** – bv. afrolwerk, herstel van dinge op die terrein en skoolgebou of kom deel idees.

- **Skoolbeheerliggaam en Ondersteunersklub** – stel uself beskibaar en maak so `n verskil.

**WIE IS DIE OOV?**
Die OOV sal hoofsaaklik uit die klasverteenwoordigers bestaan asook `n onderwyser en sal ten doel hê om alle ouers te mobiliseer om by skoolaktiwiteite betrokke te raak soos genoem in nr. 1 – 7 hierbo. Hulle sal ook ouers van die betrokke klas waarin hul kind is, ondersteun. Kos@Mikro sal `n subkomitee van hierdie komitee wees. Die kernkomitee sal uit gekose lede en onderwysers bestaan. Die klas-verteenwoordigers sal outomaties deel van die operasionele uitvoering van Kos@Mikro se take wees en moet dus ten tye van sportdae beskikbaar wees wanneer hulle graad aan die beurt is – sien Kos@Mikro se program. Die fondsinsamelingskomitee van die skool sal ook van tyd tot tyd op die klasverteenwoordigers vir hulp staat maak.

Dankie aan elke ouer wat bereid sal wees om op hierdie vereniging te dien en dankie vir die voorbeeld wat u sal stel rakende ouerbetrokkenheid.

**KOS@MIKRO**

**BAIE BELANGRIK: Let op die veranderinge aan die Kos@Mikro-rooster**
Neem asb. kennis dat daar veranderinge aangebring is aan die Kos@Mikro indelings soos in 2023 uitgestuur, aangesien die Bellpark Sportdag gekanselleer en die KFC Mini-Krieket dag se korrekte datum 2 November is. Dankie vir u begrip.

KOS@MIKRO

KOS@MIKRO het die afgelope jare verskeie bydraes gemaak t.o.v. van die bevordering van talle skoolbedrywighede.
Ons wil graag hierdie suksesvolle aksie voortsit en in die proses ook ouerbetrokkenheid bevorder. Ons het egter elke ouer se hulp nodig en het besluit om spesifieke grade en sportspanne aan `n spesifieke sportdag te koppel. Raak asb. deel van die Mikro-familie en bied u hulp aan!

**Kos@Mikro 2024**

| Datum | Sportdag | Grade / sportspanne verantwoordelik vir verkope |
|---|---|---|
| **Eerste Kwartaal** | | |
| 27 Januarie | Interhuis Atletiek<br>Baanitems | Graad R<br>**asook**<br>Rugby en Netbal 1ste spanne |
| **Tweede Kwartaal** | | |
| 18 Mei | Worcester-Noord Sportdag | Graad 2<br>**asook**<br>Seuns en dogters Hokkie 1ste spanne |
| **Derde Kwartaal** | | |
| 17 Augustus | Courtrai Sportdag | Graad 4<br>**asook**<br>Tennis en Krieket 1ste spanne |
| 24 Augustus | De Kuilen Sportdag | Graad 5 |
| 7 September | Elto Towers<br>7's Rugby & Netbal | Graad 6 & 7 |
| **Vierde Kwartaal** | | |
| 2 November | KFC Mini-krieket | Grade 1 & 3 |

Indien u belangstel om betrokke by Kos@Mikro te raak, stuur gerus 'n e-pos na dtaljaard@laerskoolmikro.co.za.

**4. <u>ATLETIEKOEFENTYE IN SKOOLTYD:     EERSTE TWEE WEKE</u>**

**<u>Atletiek:</u>**

Neem asb. kennis van die oefeninge wat tydens skoolure gaan plaasvind van Donderdag, 18 Januarie 2024 tot Donderdag, 25 Januarie 2024 om 08:00-10:00. Leerders mag met hulle Interhuisklere skool toe kom. Vrydag, 26 Januarie 2024 is die "Big Brag" in die saal om 08:00.

Die skool sluit vir alle gr. 1- tot 7-leerders op Vrydag, 26 Januarie 2024 om 12:30. Die velditems begin stiptelik om 13:00. Saterdag, 27 Januarie 2024 se optog begin om 07:10 en baanitems begin om 08:00.

Ons versoek dat alle ouers en atlete die dag sal bywoon. - 'n wonderlike dag vir die hele gesin om by te woon.

Die program sal op die D6 School Communicator geplaas word. Neem kennis dat daar nie tye by die verskillende items op Saterdag se rooster is nie, daar sal vroegtydig afgekondig word vir elke item.

Ons sien uit na 'n heerlike gesinsdag!

**<u>Krieket:</u>**

Die oefeninge begin reeds Donderdag, 18 Januarie 2024 om 14:30.

**5. <u>NOVI-KIDZ - DRAMAKLASSE</u>**

Die eerste klasse vir NovieKidz skop reeds op Donderdag, 25 Januarie 2024, in die klubhuis af.
Klasse is van 16:00 – 18:00. Verdere inligting sal volg.

**6. <u>NUWE D6 - SCHOOL COMMUNICATOR</u>**

Ons het vanaf 1 Januarie 2024 na 'n nuwe D6+ School Communicator-program oorgeskakel.

Ons versoek dat u asb. die nuwe toep sal aflaai, aangesien die huidige toep nie meer in werking sal wees nie.

Sien ook
School Communicator: Bronne: Algemeen



# Connect
## Installeringsgids

**Geagte Ouer,**

**Laai die d6 Connect-toepassing (met die grys d6 handelsmark) af om toegang tot alle belangrike skoolinligting in die palm van jou hand te kry.**

Effektiewe kommunikasie is die hoeksteen van enige suksesvolle verhouding. Ons glo daarin om 'n skoolomgewing te skep wat die betrokkenheid van ons ouers sal aanmoedig en koester. Dit is hierdie betrokkenheid van ouers wat 'n positiewe impak op die algehele sukses van die leerders sal hê.

Om te streef na effektiewe kommunikasie, gebruik die skool die d6 Connect-toepassing. Kry die inligting wat jy nodig het maklik, in die palm van jou hand!

Bly verbind met jou kind se:

- Prestasies
- Skoolrekening saldo's*
- Geleenthede
- Skool "Saamry*" funksie... en nog baie meer!**
- Onderwysers
- Aankondigings
- Hulpbronne

* Hierdie funksionaliteit is slegs beskikbaar indien 'n skool vir die betrokke module/oplossing geregistreer het.
** Het jy hierdie jaar 'n saamrygeleentheid vir jou kind nodig? Maak gebruik van die "Saamry"-funksie in die d6 Connect-toepassing. Hier kan jy 'n saamrygeleenthede met mede-skoolmaats in jou omgewing aanvra of aanbied.
Klik hier om meer uit te vind.

### Gaan na die App Store en begin GRATIS

GET IT ON Google Play | Download on the App Store | EXPLORE IT ON AppGallery

| | |
|---|---|
| Stap 1: | Soek vir **'d6 Connect'** |
| Stap 2: | Kies die **'Install'** -knoppie |
| Stap 3: | Kliek op **'Open'** sodra die toepassing geïnstalleer is |
| Stap 4: | Voer jou selfoonnommer in |
| Stap 5: | Voer OTP en wagwoord in |
| Stap 6: | Voer basiese besonderhede in |
| Stap 7: | Kies u skool- /gemeenskapsverbindingsmetode |
| Stap 8: | Volg die inprogramstappe om die verbinding te voltooi |

### Ondersteuning

Indien jy enige vrae of probleme het, kan jy die d6-skoolondersteuningspan kontak
Telefoon | 087 820 0088 or
E-pos | appsupport@d6.co.za or
Hulpbronne | Frequently Asked Questions (FAQs).

## 7. NETBAL: SHIFT NETBAL DEMONSTRASIE

Daar sal komende Vrydag, 19 Januarie, 'n gratis netbal demonstrasie vir alle graad R-7 dogters by Laerskool Mikro aangebied word.
Die demonstrasie word deur *SHIFT Netball Academy* aangebied. Alle dogters word uitgenooi om die geleentheid by te woon.

Datum: 19 Januarie 2024
Tyd: 14:15-14:45
Plek: Laerskool Mikro Netbalbane

Voorspoed vir die week.

L. Mouton
SKOOLHOOF


**BAIE DANKIE AAN ONS BORGE.**






# JANUARIE 2024

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1<br>VAKANSIE | 2<br>VAKANSIE | 3<br>VAKANSIE | 4<br>VAKANSIE | 5<br>VAKANSIE | 6<br>VAKANSIE | 7<br>VAKANSIE |
| 8<br>VAKANSIE | 9<br>VAKANSIE | 10<br>VAKANSIE | 11<br>VAKANSIE | 12<br>VAKANSIE | 13<br>VAKANSIE | 14<br>VAKANSIE |
| 15<br>Ribbens pakkette<br>@16:00-19:00 | 16<br>**Ontvangs van 2024 Gr. 1-leerders en ouers**<br>**@08:00-09:00**<br>Ribbens pakkette<br>@16:00-19:00 | 17<br>**SKOOL HEROPEN**<br>**@07:40**<br>Tennisproewe (o.11 Seuns)<br>**Graad 1 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 18<br>Tennisproewe (o.11 Seuns)<br>**Graad R Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 19<br>Netbal Demostrasie (SHIFT)<br>Gr. R-7 @14:15-14:45<br>o.13A Krieket: 6-a-side (W)<br>Curro Durbanville<br>Gr. R Piekniek<br>@18:00-19:00 | 20<br>Tennis Demostrasie<br>Gr. R-3 | 21 |
| 22<br>**Graad 2 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 23<br>Seniorkoor oefening<br>@ na skool - 18:00<br>**Graad 4 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 24 **NETHEIDSKONTROLE**<br>Atletiek (W)<br>Gene Louw<br>**Graad 7 Inligtingsaand en braai**<br>**@18:00** | 25<br>**Graad 3 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 26<br>**Interhuisatletiek Velditems**<br>**@13:00** | 27<br>**Interhuisatletiek Baanitems** | 28 |
| 29<br>**Graad 5 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 30<br>Seniorkoor oefening<br>@ na skool - 18:00<br>**Graad 6 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 31<br>**English Home Language Information evening**<br>**@19:00** | | | | |

***Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.**

**BLOU: Datums bygekom** **ROOI: Datums het verander**